



//KHARA HAIS MUNISIPALITEIT

**TARIEWE
2016/2017
(VANAF 1 JULIE 2016
TENSY ANDERS AANGEDUI)**

Vir maklike naslaandoeleindes, is die tariewelys in die volgende Direkorate opgedeel:

NOMMER	DIREKTORAAT	BLADSY
1	Munisipale Bestuurder	3
2	Direktoraat Korporatiewedienste	4 - 10
3	Direktoraat Finansiëledienste	11 - 14
4	Direktoraat Gemeenskapsdienste	15 - 33
5	Direktoraat Tegniesedienste	34
6	Direktoraat Elektro-Meganiesedienste	35 - 40
7	Direktoraat Siviele Ingenieursdienste	41 - 48
8	Direktoraat Ontwikkeling en Beplanning	49 - 58

INHOUDSOPGAWE

POS 1: MUNISIPALE BESTUURDER

TARIEF NR	BESONDERHEDE	BLADSY NR
	GEEN TARIEWE ONDER DIE DIREKTORAAT NIE	

INHOUDSOPGAWE

POS 2: DIREKTORAAT KORPORATIEWEDIENSTE

TARIEF NR	BESONDERHEDE	BLADSY NR
1	BESKIKBAARSTELLING VAN SAKELYS TE EN NOTULES VAN RAADSVERGADERINGS AAN PRIVAATINSTANSIES	5
2	GEMEENSKAPSALE	5 – 8
3	RAADSALE	9
4	MEENTGRONDE	10

**1. SAKELYSTE EN NOTULES VAN RAADSVERGADERINGS
(14% BTW INKLUSIEF)**

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
1.1	Sakelyste en Notules van Raadsvergaderings aan privaat instansies per jaar	R 600.00	R 600.00	-%
1.2	Sakelyste en notules van Raadsvergaderings, insluitende alle Komiteesakelyste per jaar	R 1 750.00	R 1 750.00	-%

**2. GEMEENSKAPSALE
(14% BTW INKLUSIEF)**

TOL SPEELMAN (PROGRESS), PIET THOLE (ROSEDALE), J SHIMANI (PABALELLO), MICHAEL BONGELA (PABALELLO), MOSES LINKS (LOUISVALEWEG) EN ND SWARTZ GEBOU

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
2.1	ALGEMENE VOORWAARDES VIR HUUR VAN GEMEENSKAPSALE			
2.1.1	Binnenshuise sport waarvoor die saal geskik is (byvoorbeeld karate, boks, vlugbal en pluimbal)			
2.1.2	Konferensies, kongresse en seminare			
2.1.3	Kerkdienste			
2.1.4	Vergaderings - Openbare en Politieke (in oorleg met Raadslede)			
2.1.5	Rolprentvertonings			
2.1.6	Konserte, sangaande en operettes			
2.1.7	Skoue, tentoonstellings, uitstallings en modeparades			
2.1.8	Sosiale geleentheid en funksies (byvoorbeeld danse, troues, dinees, etes, "gospel shows" en afskeidsgesellighede)			
2.1.9	Konserte, sangaande en operettes van 'n professionele aard			
2.1.10	Vir beskikbaarstelling aan Sportkodes en Kultuuraktiwiteite			
2.2	BESPREKINGS			
2.2.1	Bespreking vir die gebruik van die saal moet minstens <u>14 dae</u> voor die aanbieding van sodanige geleentheid, met betaling van die basiese huurgeld en die skadeloosstellingsdeposito, by die Gemeenskapsentrumkantoor gedoen word. Indien die bespreking ten minste <u>7 dae</u> voor die aanvang van die funksie gekanselleer word, sal die huurgeld min <u>10% administratiewe koste</u> , terugbetaal word. Indien die bespreking egter met <u>minder as 7 dae</u> kennis vooraf gekanselleer word, sal die huurder die volle huurgeld verbeur.			
2.3	GELDE / TARIWE			
2.3.1	n Skadeloosstellings-/vrywaringsdeposito (geen BTW) is slegs terugbetaalbaar nadat 'n inspeksie uitgevoer en enige skade verhaal is. Deposito's sal teen agterstallige munisipale rekeninge verhaal word.	R 1 200.00	R 1 125.00	6.67%

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
2.3.2	Vir gebruike genoem in paragrawe 2.1.1 – 2.1.10 sal die tariewe soos volg betaalbaar wees:			
2.3.2.1	Gebruike genoem in punte 2.1.1 – 2.1.4 per dag per geleentheid	R 435.00	R 410.00	6.10%
2.3.2.2.1	Gebruike genoem in punte 2.1.5 – 2.1.8: Ander organisasies (nie professioneel) per dag per geleentheid	R 1 220.00	R 1 150.00	6.09%
2.3.2.2.2	SAMRO Musiekheffing per geleentheid vir gebruike genoem in punte 2.1.5 – 2.1.8	R 250.00	R 235.00	6.38%
2.3.2.3.1	Gebruike genoem in punt 2.1.9 per dag per geleentheid (alle gevalle)	R 2 725.00	R 2 570.00	6.03%
2.3.2.3.2	SAMRO Musiekheffing per geleentheid vir gebruike genoem in punte 2.1.9	R 250.00	R 235.00	6.38%
2.3.2.4.	Per geleentheid vir gebruike genoem in punte 2.1.10			
2.3.2.4.1	Vir oefening/afrigting (per dag/per geleentheid)	R 32.00	R 30.00	6.00%
2.3.2.4.2	Vir toernooie/wedstryde waar toegang gehef word (per dag/per geleentheid)	R 415.00	R 390.00	6.41%
2.3.2.4.3	SAMRO Musiekheffing per geleentheid (Toernooie/Funksie)	R 250.00	R 235.00	6.38%
2.3.2.5	Inoefening word beperk tot een gratis oefening na verhuring van saal (besikbaarheid van saal inaggenome)			
LAMBRECHTSDRIFT, KAROS, LEERKRANS, RAASWATER EN KALKSLOOT				
Vir gebruike genoem in paragrawe 2.1.1 – 2.1.8 sal die tariewe soos volg betaalbaar wees:				
2.3.2.5	Gebruike genoem in punte 2.1.1 – 2.1.4 per dag per geleentheid	R 245.00	R 230.00	6.52%
2.3.2.6.1	Gebruike genoem in punte 2.1.5 – 2.1.8: Ander organisasies (nie professioneel) per dag per geleentheid	R 800.00	R 750.00	6.67%
2.3.2.6.1	SAMRO Musiekheffing per geleentheid vir gebruike genoem in punte 2.1.5 – 2.1.8	R 250.00	R 235.00	6.38%
2.3.2.7.1	Gebruike genoem in punt 2.1.9 per dag per geleentheid (alle gevalle)	R 1 250.00	N.V.T	- %
2.3.2.7.2	SAMRO Musiekheffing per geleentheid	R 250.00	R 235.00	6.38%
2.3.2.8	Bykomende oefeninge (per dag per geleentheid)	R 90.00	R 85.00	5.88%
2.3.2.9	Die Raad	Gratis	Gratis	- %
2.3.2.10	Goedgekeurde Gemeenskaps-/Kultuurorganisasies geaffilieer by die Upington Gemeenskapskultuurforum	Gratis	Gratis	- %
2.3.2.11	SALGA (Raadsbesluit 04/02/2002 gedateer 6 Februarie 2002)	Gratis	Gratis	- %
2.3.2.12	Organisasies in 2.3.2.7 genoem word van die Vrywaringsdeposito in paragraaf 2.3.1 vrygespreek, maar met dien verstande dat die organisasies vir alle gebreke wat mag voorkom, verantwoordelik gehou sal word en geen agterstallige munisipale rekeninge het nie.			
2.4	ALGEMENE VOORWAARDES (Onderneming deur huurder):			
2.4.1	Geen ameublement of artikel van enige aard wat aan die Raad behoort sal verwyder word uit die saal of vertrek waar dit oorspronklik gevind is, sonder die goedkeuring van die Munisipale Bestuurder, of personeel deur hom aangewys nie.			
2.4.2	Geen klanktoerusting of musiekinstrumente mag uit die saal of vertrek verwyder word nie			

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
2.4.3	Geen spykers, skroewe, hakies en so meer mag in enige muur, deur, paneel of vloer, ingeslaan of gedraai word nie. Geen versiering mag aan enige elektriese lamp of iets dergliks gehang of vasgemaak word nie			
2.4.4	Die huurder vrywaar hiermee die Raad teen enige eis voortspruitend uit skade aan of verlies van eiendom van die huurder of enige van sy gaste of ander persone onder sy beheer, of enige besering of dood van die huurder of sodanige persoon			
2.4.5	Die akkommodasie word aan die huurder verhuur met die verstandhouding dat die aantal persone toegelaat, beperk sal word tot die vermoë van die beskikbare akkommodasie			
2.4.6	Die kleedkamers en toilette word beskou as integrale deel van die saal			
2.4.7	Die Munisipale Bestuurder of sy genomineerde, die Brandweerhoof of enige lid van die Brandweer aan diens, enige Raadslid of enige ander gemagtigde amptenaar, mag te eniger tyd die perseel vir inspeksiedoeleindes betree			
2.4.8	Die Raad sal die reg hê om in geval van 'n wanvoorstelling deur die huurder, te eniger tyd sonder opgaaf van redes, die verhuring van die saal te kanselleer. Die Raad sal gemagtig wees om hierdie reg uit te oefen deur die Raadslede of die Munisipale Bestuurder			
2.4.9	Enige eiendom of toerusting van die huurder, wat na 'n aandfunksie verwyder moet word, moet nie later as 10:00 die volgende oggend verwyder word nie			
2.4.10	Die huurder onderneem om enige opdragte met betrekking tot die wyse waarop die saal en/of ameublement, uitrusting en toebehore gebruik word, wat deur 'n gemagtigde amptenaar van die Raad aan hom gegee mag word, onmiddellik uit te voer			
2.4.11	Die huurder is vir die behoorlike handhawing van orde by die geleentheid waarvoor die saal gehuur word verantwoordelik maar die Raad behou die reg voor om, deur middel van enige van sy gemagtigde beamptes, die huurder te versoek om iemand weens wangedrag of stoornis uit die saal te sit of laat uitsit			
2.4.12	Die saal, ameublement en ander toerusting, moet na gebruik in dieselfde toestand, as waarin dit deur die huurder ontvang is, gelaat word. Sou die huurder nalaat om aan hierdie vereiste te voldoen, behou die verhuurder die reg voor om die saal, ameublement en ander toerusting, te herstel en die skadeloosstellingsdeposito aan te wend ten opsigte van kostes vir hierdie doel aangegaan. Indien die deposito bedrag nie voldoende is nie, sal die oorblywende bedrag vir rekening van die huurder wees			
2.5	UITLEEN VAN STAPELSTOELE & STAALTAFELS			
2.5.1	Verhuring aan hulpbehoewende inwoners:			
2.5.1.1	Per tafel	N.V.T	R 7.50	-%
2.5.1.2	Per stoel	N.V.T	R 2.40	-%
2.5.1.3	Vrywaringsdeposito (geen BTW).	N.V.T	R 285.00	-%
2.5.2	Verhuring aan ander inwoners/instansies:			
2.5.2.1	Per tafel	N.V.T	R 17.00	-%
2.5.2.2	Per stoel	N.V.T	R 3.50	-%
2.5.2.3	Vrywaringsdeposito (geen BTW)	N.V.T	R 840.00	-%
2.5.3	'n Totaal van 20 tafels en 100 stoele per persoon/instansie mag vir 1 dag gehuur word			
2.5.4	Indien 'n persoon of instansie meer as die toegelate tafels en stoele wil huur, moet 'n formele aansoek aan die Raad gerig word			
2.5.5	Die frekwensie van verhurings (inkomste en verliese) van tafels en stoele moet gemonitor word en daar moet jaarliks verslag daarvoor aan die Uitvoerende Komitee gelewer word			
2.5.6	Deposito's sal, waar van toepassing, teen agterstallige munisipale rekeninge verhaal word.			

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
2.6	6.1/10/2006 BESLUIT 31 OKTOBER 2006			
2.6.1	<p>“5. <u>UITLEEN VAN STAPELSTOELE & STAALTAFELS</u></p> <p>5.1 Verhuring aan hulpbehoewende inwoners:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. <i>Dat daar aan geregistreerde hulpbehoewendes, op aanbeveling van die betrokke Wyksraadslid, 50 stoele en 2 tafels gratis, beskikbaar gestel word.</i> 2. <i>Dat die Wyksraadslid met die Hoof Administrasie skakel in verband met die beskikbaarstelling van die stoele en tafels.</i> 3. <i>Dat stoele en tafels slegs vir begrafnisse gratis beskikbaar gestel word.</i> 4. <i>Dat bewys van registrasie van hulpbehoewendheid en 'n afskrif van die doodsertifikaat by die Administrasie ingedien moet word, alvorens die tafels en stoele beskikbaar gestel word.</i> <p>5.2 <i>Dat 250 stoele per wyk beskikbaar gestel word.</i></p> <p>5.3 <i>Dat die afhaal en terugbring van die tafels en stoele vir die aansoeker se rekening sal wees.</i></p> <p>5.4 <i>Dat 'n proforma vorm ontwerp word, wat deur die betrokke Wyksraadslid onderteken moet word en welke vorm die aansoek om die huur van tafels en stoele moet vergesel.”</i></p>			
2.7	VERHURING VAN MUSIEKINSTRUMENTE EN KLANTTOERUSTING (Slegs ten opsigte van Progress Gemeenskapsaal)			
2.7.1	Geen musiekinstrumente of klanktoerusting mag uit die saal verwyder word nie			
2.7.2	'n Deposito (geen BTW) is terugbetaalbaar indien die instrumente en toerusting nie beskadig is nie. Deposito's sal teen agterstallige munisipale rekeninge verhaal word.	R 1 400.00	R 1 285.00	8.95%
2.7.3	'n Bedrag is vir die huur van musiekinstrumente en klanktoerusting betaalbaar	R 800.00	R 750.00	6.67%
2.7.4	Musiekinstrumente en klanktoerusting word gratis vir Raads- en Upington Gemeenskapskultuurforum gebruik, beskikbaar gestel	Gratis	Gratis	-%
2.7.5	Indien slegs van die mikrofoonstelsel en/of beligting gebruik gemaak word, is die volgende huur betaalbaar:	R 400.00	R 380.00	5.26%

3. RAADSALE

(14% BTW INKLUSIEF)

[GEMEENSKAPSENTRUM : TOL SPEELMAN, BABELBEKKIES, PABALLELO]

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
3.1	ALGEMENE VOORWAARDES VIR HUUR VAN RAADSALE			
3.1.1	Die ou Raadsale by die gemeenskapsentrums sal vir die volgende gebruike vir verhuring beskikbaar gestel word:			
3.1.1.1	Vergaderings			
3.1.1.2	Kerkaktiwiteite			
3.1.1.3	Jeugbyeenkomste			
3.2	Bespreking			
3.2.1	Bespreking vir die gebruik van die saal moet minstens <u>14 dae</u> voor die aanbieding van sodanige geleentheid, met betaling van die basiese huurgeld en die skadeloosstellingsdeposito, by die Gemeenskapsentrumkantoor ("Civic") gedoen word. Indien die bespreking ten minste <u>7 dae</u> voor die aanvang van die funksie gekanselleer word, sal die huurgeld min 10% administratiewe koste terugbetaal word. Indien die bespreking egter met minder as <u>7 dae</u> kennis vooraf gekanselleer word, sal die huurder die volle huurgeld verbeur			
3.3	GELDE / TARIEWE			
3.3.1	'n Skadeloosstellings-/vrywaringsdeposito (geen BTW) is slegs terugbetaalbaar nadat 'n inspeksie uitgevoer en enige skade verhaal is. Deposito's sal teen agterstallige munisipale rekeninge verhaal word.	R 450.00	R 450.00	-%
3.3.2	Vir gebruike genoem in paragrawe 3.1.1.1 – 3.1.1.3 sal die tariewe soos volg betaalbaar wees:			
3.3.2.1	Per geleentheid	R 200.00	R 190.00	5.26%
3.3.2.2	Die Raad	Gratis	Gratis	-

**4. MEENTGRONDE
(14% BTW INKLUSIEF)**

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
4.1	SKUTGELDE			
4.1.1	TARIEF VAN VERGOEDING			
4.1.1.1	Vir alle diere wat na die skut gebring word, hetsy een of meer, per kilometer of gedeelte van 'n kilometer	R 5.50	R 5.00	10.00%
4.1.2	OORSKRYDING OP BEBOUDE GROND			
4.1.2.1	Indien grond behoorlik omhein is			
4.1.2.1.1	Perde, beeste en varke per stuk	R 235.00	R 220.00	6.82%
4.1.2.1.2	Skape en bokke per stuk	R 100.00	R 95.00	5.26%
4.1.2.2	Indien grond nie omhein is nie			
4.1.2.2.1	Perde, beeste en varke per stuk	R 140.00	R 130.00	7.69%
4.1.2.2.2	Skape en bokke per stuk	R 42.00	R 40.00	5.00%
4.1.3	OORSKRYDING OP ONBEBOUDE GROND			
4.1.3.1	Indien grond behoorlik omhein is			
4.1.3.1.1	Perde, beeste en varke per stuk	R 230.00	R 215.00	6.98%
4.1.3.1.2	Skape en bokke per stuk	R 100.00	R 95.00	5.26%
4.1.3.2	Indien grond nie omhein is nie			
4.1.3.2.1	Perde, beeste en varke per stuk	R 150.00	R 140.00	7.14%
4.1.3.2.2	Skape en bokke per stuk	R 42.00	R 40.00	5.00%
4.1.4	SKUTGELDE			
4.1.4.1	Perde, beeste en varke per stuk	R 150.00	R 140.00	7.14%
4.1.4.2	Donkies per stuk	R 58.00	R 55.00	5.45%
4.1.4.3	Skape en bokke per stuk	R 42.00	R 40.00	5.00%
4.1.5	ONDERHOUDSGELDE (PER DAG)			
4.1.5.1	Perde, beeste en varke per stuk	R 60.00	R 55.00	9.09%
4.1.5.2	Donkies per stuk	R 55.00	R 50.00	10.00%
4.1.5.3	Skape en bokke per stuk	R 35.00	R 30.00	16.67%
4.1.6	GELDE VIR DIERE WAT AFSONDERLIK OPGEVAS MOET WORD (PER DAG)			
4.1.6.1	Perde, beeste en varke per stuk	R 70.00	R 55.00	27.27%
4.1.6.2	Donkies per stuk	R 60.00	R 50.00	20.00%
4.1.6.3	Skape en bokke of ander dier afsonderlik opgevas	R 40.00	R 30.00	33.33%
4.2	HUUR VAN MEENTGRONDE			
4.2.1	Die huur betaalbaar deur 'n opkomende boer word per dier bereken (BTW ekskl)			
4.2.1.1	Per Grootvee (Bees, Perd & Donkie)	R 3.65	R 3.40	7.35%
4.2.1.2	Per Kleinvee (Vark, Bok & Skaap)	R 1.50	R 1.40	7.14%
4.2.1.3	Per lammertjies, klein varkie, ens.	R 1.00	R 0.90	11.11%

INHOUDSOPGAWE

POS 3: DIREKTORAAT FINANSIËLEDIENSTE

TARIEF NR	BESONDERHEDE	BLADSY NR
5	MUNISIPALE BELASTINGS	12 – 13
6	DIVERSE HEFFINGS	13 - 14

(In Sent per Rand-waarde)

5. MUNISIPALE BELASTINGS (GEEN BTW)				
No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
5.1	n Algemene belasting op die belasbare waardasies van eiendomme IN DIE REGSGEBIED VAN DIE MUNISIPALITEIT //KHARA HAIS ingevolge en kragtens Artikel 8 en 14 van Munisipale Eiendomsbelastingwet Nr. 6 van 2004			
5.1.1	Residensiële eiendomme (Ratio 1.00 : 1.00)	1.09024	1.01892	7.00%
5.1.2	Publieke Bystandsverenigings (PBO) (Ratio 1.00 : 0.25)	0.27256	1.01892	-73.25%
5.1.3	Onontwikkelde erwe (Ratio 1.00 : 2.00)	2.18049	2.03784	7.00%
5.1.4	Besigheidseiendomme (Ratio 1.00 : 1.50)	1.63537	1.52838	7.00%
5.1.5	Nywerheidseiendomme (Ratio 1.00 : 1.50)	1.63537	1.52838	7.00%
5.1.6	Staatseiendomme			
5.1.6.1	Residensiël (Ratio 1.00 : 1.00)	1.09024	1.01892	7.00%
5.1.6.2	Owerheidsgebruik / Publieke Infrastruktuur (PSI) (Ratio 1.00 : 0.25)	0.27256	1.52838	-82.17%
5.1.7.	Residensiële Sone 3 (Ratio 1.00 : 1.25)	1.36286	1.2737	7.00%
5.1.8	Landbou eiendomme			
5.1.8.1	Landbou eiendomme (Ratio 1.00 : 0.25)	0.27256	0.25473	7.00%
5.1.8.2	Landbou eiendomme - Kleinhoewes (Ratio 1.00 : 0.25)	0.27256	0.25473	7.00%
5.1.9	Landbou eiendomme met Spesiale vergunnings			
5.1.9.1	Landbou eiendomme - Gedeelte waarop Hernubare Energie opgewek word (Ratio 1.00 : 1.50)	1.63537	N.V.T	-%
5.1.10	Oorde			
5.1.10.1	Oorde met toegang tot vullis- en riooldienste	1.36286	1.2737	7.00%
5.1.10.2	Oorde sonder toegang tot vullis- en riooldienste	0.27256	0.25473	7.00%
5.1.11	Opvoedkundige / Institusionele Instellings (Ratio 1.00 : 1.50)	1.63537	1.52838	7.00%
5.1.12	Bouklousules	2.18049	2.03784	7.00%
5.1.13	Die eerste R 15 000 van alle beboude residensiële eiendomme word vrygestel van die betaling van algemene belasting			
5.1.14	Belastingkortings word toegestaan aan belastingbetalers wat kragtens die Raad se Munisipale Belastingsbeleid daarvoor kwalifiseer			

**6. DIVERSE HEFFINGS
(14% BTW INKLUSIEF)**

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
6.1	BEHUISING			
6.1.1	Perseelhuur per maand op alle onvervreemde selfboupersele	R 30.00	R 28.50	5.26%
6.1.2	Perseelhuur per maand op alle informele behuising	R 15.00	R 14.25	5.26%
6.1.3	HUUREENHEDE			
6.1.3.1	Huur per maand aan Militêre Veterane & Upington 26	R 114.00	R 114.00	0.00%
6.1.3.2	Huur per maand aan ander	R 912.00	R 912.00	0.00%
6.2	NASLAANFOOIE			
6.2.1	Verskaf van inligting per eiendom ten opsigte van 'n eiendom, byvoorbeeld oppervlakte, waardasie, eienaar, posadres, sonering, ens. aan nie eienaars	R 20.00	R 20.00	-%
6.2.2	Heruitreik van duplikaat IRP5 Sertifikaat (per duplikaat)	R 20.00	R 20.00	-%
6.2.3	Versameling en/of opsoek van inligting per uur	R 65.00	R 65.00	-%
6.3	UITREIKING VAN SERTIFIKATE (PER SERTIFIKAAT / PER EIENDOM)			
6.3.1	Waardasiesertifikaat	R 115.00	R 107.00	7.48%
6.3.2	Uitklaringssertifikaat	R 115.00	R 107.00	7.48%
6.3.3	Verlenging van uitklaringssertifikaat	R 115.00	R 107.00	7.48%
6.4	ANDER HEFFINGS			
6.4.1	Maandelikse heffing vir die bedryf van goedgekeurde addisionele gebruik(e)			
6.4.1.1	Vergunningsgebruik (2de Wooneenhede)	R 267.50	R 250.00	7.00%
6.4.1.2	Vergunningsgebruik (Uitgesluit 2de Wooneenhede)	R 535.00	R 500.00	7.00%
6.4.1.3	Beroepsbeoefening	R 256.50	R 239.40	7.14%
6.4.2	V/T Tjeks	R 115.00	R 107.00	7.48%
6.4.3	Administrasiekoste vir V/T tjeks by derdeparty betaalpunte (EasyPay, Poskantoor, ens.)	R 115.00	R 107.00	7.48%
6.4.4	Aanvra vir redes tot waardasie-uitkoms	R 400.00	R 370.00	8.11%
6.5	DIVERSE HEFFINGS			
6.5.1	Maandelikse oortredingsheffing vir bedryf van gebruike sonder toestemming / ongemagtigde gebruike (BTW Inklusief)			
6.5.1.1	Addisionele wooneenheid – per eenheid	R 570.00	R 570.00	-%
6.5.1.2	Ander gebruike			
6.5.1.2.1	Heffing vir eerste maand en/of oortreding (2015/2016: eerste drie maande – geen BTW)	R 1 710.00	R 1 596.00	7.14%
6.5.1.2.2	Heffing vir tweede maand en/of oortreding (2015/2016: herhalende heffing – geen BTW)	R 4 240.00	R 4 000.00	6.00%.
6.5.1.2.3	Heffing vir derde maand en/of oortreding	R 6 360.00	R 6 000.00	6.00%.
6.5.1.2.4	Heffing vir vierde maand en/of oortreding	R 8 480.00	R 8 000.00	6.00%.
6.5.1.2.5	Heffing vir vyfde maand en/of oortreding en daaropvolgende maande	R 10 600.00	R 10 000.00	6.00%.
6.5.2	Heffing vir verklaring/voorsiening van vals inligting aan die Raad (Geen BTW)	R 265.00	R 250.00	6.00%

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
6.5	DIVERSE HEFFINGS			
6.5.3	Onwettige parkering op parke (Geen BTW)	R 500.00	R 300.00	8.33%
6.5.4	Onwettige strooi van rommel (Geen BTW)	R 325.00	R 300.00	8.33%
6.5.5	Munisipale Dienste aan nie-informele huishoudings met onvolledige dienste	R 86.00	R 80.00	7.50%
6.6	Ander heffings			
6.6.1.1	Onwettige water aansluitings - 20mm	R 5 967.90	R -	N.V.T
6.6.1.2	Onwettige water aansluitings - 50mm	R 19 500.00	R -	N.V.T
6.6.1.3	Onwettige water aansluitings - 80mm	R 26 745.00	R -	N.V.T
6.6.1.4	Onwettige water aansluitings - 100mm	R 33 750.00	R -	N.V.T
6.6.2.1	Onwettige rioolaansluitings - 100mm	R 3 210.00	R -	N.V.T
6.6.2.1	Onwettige rioolaansluitings - 150mm	R 4 236.00	R -	N.V.T
6.6.3.1	Onwettige strooi van tuinvullis	R1,000 plus Werklike koste per vrag (6m ³)	R -	N.V.T
6.6.3.2	Onwettige strooi van bourommel	R1,000 plus Werklike koste per vrag (6m ³)	R -	N.V.T
6.6.3.3	Onwettige tap van water by galg	R1,000 plus R264 per vrag	R -	N.V.T
6.6.3.4	Onwettige beskadiging van teeroppervlakte	R2,500 plus werklike koste vir herstel van teer- oppervlakte	R -	N.V.T
6.6.3.5	Onwettige verwydering van rooiground	R1,000 plus R15.52 per m ³	R -	N.V.T
6.6.3.6	Onwettige verwydering van gruis	R1,000 plus R15.52 per m ³	R -	N.V.T
6.6.3.7	Onwettige storting van afvalstowwe (bloed, mis, ens) in rioolstelsel	R10,000.00	R -	N.V.T
6.6.3.8	Onwettige was van voertuie in die dorp	R 150.00	R -	N.V.T
6.7	Wanneer die Raad versoek word om 'n onderbreking van 'n diens te ondersoek en waar bevind word dat sodanige onderbreking van die diens te wyte is aan 'n fout in die verbruiker se installasie of aan foutiewe werking van appaarte wat in verband daarmee gebruik word, moet sodanige verbruiker 'n bedrag vir elke sodanige ondersoek betaal.	Werklike koste plus 15% administrasie- fooi	Werklike koste plus 15% administrasie- fooi	-%

INHOUDSOPGAWE

POS 4: DIREKTORAAT GEMEENSKAPDIENSTE

TARIEF NR	BESONDERHEDE	BLADSY NR
7	BEGRAAFPLASE	16
8	FEESTERREIN BY ROSE PARK	17
9	ROLBALBAAN	17
10	HUUR VAN BIBLIOTEEKSALE	18 - 19
11	BIBLIOTEEKTARIEWE	20
12	REKENAARGEBRUIKTARIEWE	20
13	BRANDWEER	21 - 25
14	VERKEERSDIENSTE	26
15	VERWYDERING EN WEGDOEN VAN VULLIS	27 - 28
16	PLASTIEKVULLISSAKKE	29
17	VOEDSELPERSELE	29
18	BENUTTING VAN DICKIE JACOBSSTADION	29
19	STAANPLEK VIR FORTUINVERTELLERS	30
20	SWEMBADSAAL	30
21	GEBRUIKMAKING VAN DORPSWEMBAD BRAAI AREA	30
22	SWEMBADDENS	31 - 32
23	SC KEARNSSTADION / UNIE-, PABALLELO-, KALKSLOOT- EN KAROS SPORTGRONDE	32 - 33

**7. BEGRAAFPLASE
(BTW INKLUSIEF)**

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
7.1	ALGEMEEN			
7.1.1	Dat geen grafte deur die Munisipaliteit gegrawe, uitgebou of toegemaak sal word nie. (Raadsbesluit ST2/277/91)			
7.1.2	Reserverings word slegs toegelaat vir die naasbestaande van 'n oorledene.			
7.2	TARIEWE: ALLE BEGRAAFPLASE			
7.2.1	Selfgrawe graf (enkeldiepte): Inwoners	R 375.00	R 350.00	7.14%
7.2.2	Selfgrawe graf (enkeldiepte): Inwoners (Hulpbehoewende Persone)	R 55.00	R 50.00	10.00%
7.2.3	Selfgrawe graf (enkeldiepte): Nie-Inwoners	R 625.00	R 583.00	7.20%
7.2.4	Reservering (enkeldiepte) (Addisioneel tot koop van graf)	R 295.00	R 273.00	8.06%
7.2.5	Reservering (dubbeldiepte)	R 60.00	R 52.50	14.29%
7.2.6	Reservering (dubbeldiepte) - Hulpbehoewende persone	R 8.50	R 7.50	13.33%
7.2.7	Selfgrawe graf (dubbeldiepte): Inwoners (addisioneel tot koop van graf)	R 60.00	R 52.50	14.29%
7.2.8	Selfgrawe graf (dubbeldiepte): Inwoners (addisioneel tot koop van graf) - Hulpbehoewend persone	R 8.50	R 7.50	13.33%
7.2.9	Selfgrawe graf (dubbeldiepte): Nie-Inwoners (addisioneel tot koop van graf)	R 95.00	R 88.00	7.95%
7.3	ANDER KOSTES			
7.3.1	Dat 'n bedrag van 'n begrafnisondernemer verhaal sal word indien grond en boumateriaal nie om grafte weggeneem word na 'n begrafnis nie.	R 1 190.00	R 1 113.00	6.92%
7.3.2	Dat 'n bedrag van naasbestaandes, wat self 'n oorledene begrawe, verhaal sal word indien grond en boumateriaal nie om grafte weggeneem word na 'n begrafnis nie.	R 400.00	R 375.00	6.67%
7.3.3	Selfgrawe graf (dubbeldiepte): Nie-Inwoners (addisioneel tot koop van graf)	R 95.00	R 88.00	7.95%

**8. FEESTERREIN BY ROSE PARK
(14% BTW INKLUSIEF)**

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
8.1	Die Feesterrein by Rosepark word vir feeste, soos die Kuierfees, uitverhuur en 'n skadeloosstellingsdeposito word, ten einde dit met die verhuring van ander fasiliteite, soos sportgronde en swembaddens in lyn te bring, verhaal			
8.2	Groot geleentede soos meerdaagse feeste:			
8.2.1	Huur per geleentheid	R 4 200.00	R 3 940.00	6.60%
8.2.2	SAMRO Musiekheffing per geleentheid	R 250.00	R 235.00	6.38%
8.2.3	Skadeloosstellingsdeposito (geen BTW) betaalbaar voordat die fees 'n aanvang neem. Deposito's sal aangewend word teen agterstallige munisipale rekeninge, waar van toepassing.	R 17 500.00	R 16 560.00	5.68%
8.3	Kleiner eendaagse gebeurtenisse:			
8.3.1	Huur per geleentheid	R 1 920.00	R 1 810.00	6.08%
8.3.2	SAMRO Musiekheffing per geleentheid	R 250.00	R 235.00	6.38%
8.3.4	Skadeloosstellingsdeposito (geen BTW)	R 3 840.00	R 3 620.00	6.08%
8.4	Die terrein moet een dag na gebruik opgeruim wees. 'n Bedrag per dag sal vir laat opruiming gehef word	R 1 855.00	R 1 750.00	6.00%
8.5	Onderskeid in huurtariewe word getref op grond van die impak wat die gebeurtenis op die infrastruktuur en grasperke het			
8.6	Die nodige voor-en-na-inspeksies by die terrein sal deur 'n gemagtigde Parke amptenaar en die Huurder uitgevoer word en enige opsetlike skade ná gebruik van die terrein, sal van die skadeloosstellingsdeposito verhaal en vir herstelkoste aangewend word			
8.7	Rekreasieprogramme deur die Rekreasiebeampte aangebied, sal net soos in die geval van sportgronde en swembaddens, op die feesterrein hanteer word			
8.8	'n Huur- en inspeksievorm, soortgelyk as die in gebruik by die sportgronde, sal gebruik word.			

**9. ROLBALBAAN
(14% BTW INKLUSIEF)**

9.1	BESPREKINGS			
9.1.1	Besprekings moet minstens 8 (agt dae) voor die tyd met betaling geskied. Die gelde word verbeur indien kansellaries minder as 3 dae voor 'n bespreking geskied			
9.2	Tariewe			
9.2.1	Per uur (of gedeelte daarvan)	R 8.50	R 8.00	6.25%
9.2.2	Dat as strafsanksie, waar die velde vir langer as die bespreekte tyd gebruik word, die oortyd van die betrokke amptenaar(nare) van die skadeloosstellingsdeposito verhaal word en dat die deposito eers weer aangesuiwer moet word voordat die velde weer gehuur mag word			
9.3	Deposito			
9.3.1	'n Skadeloosstellingsdeposito (geen BTW) wat slegs terugbetaalbaar is nadat 'n inspeksie uitgevoer en enige moontlike skades verhaal is. Deposito's sal teen agterstallige munisipale rekeninge verhaal word.	R 750.00	R 750.00	-%
9.3.2	Dat as strafsanksie, waar die velde vir langer as die bespreekte tyd gebruik word, die huurgelde van die betrokke skadeloosstellingsdeposito verhaal word en dat die deposito eers weer aangesuiwer moet word voordat die velde weer gehuur mag word			

**10. OPENBARE BIBLIOTEEK: HUUR VAN SALE
(14% BTW INKLUSIEF)**

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
10.1	Algemene gebruike			
10.1.1	Biblioteeksale by die Forum Biblioteek en Paballelo Biblioteek word vir die volgende gebruike verhuur/aangewend, met dien verstande dat die gebruik van die sale geweier kan word indien die beoogde gebruik nie as gepas vir die aanwending van die saal geag word nie:			
10.1.1.1	Binnehuisse sport waarvoor die sale geskik is			
10.1.1.2	Konferensies, kongresse, seminare en kleinere vergaderings (Beperk tot aantal sitplekke)			
10.1.1.3	Rolprentvertonings			
10.1.1.4	Konserte, sangaande en operettes			
10.1.1.5	Skoue, tentoonstellings, uitstallings en modeparades van 'n nie kommersiële aard, met die uitsondering van kunsartikels en handwerk wat wél kommersieel van aard mag wees			
10.1.1.6	Inligtingsvergaderings oor munisipale aangeleenthede deur Raadslede beperk tot twee geleenthede per maand, mits minstens drie Raadslede dit per geleentheid benut			
10.2	Verbode gebruike			
10.2.1	Die biblioteeksale onder paragraaf 10.1.1 hierbo vermeld word nie vir die volgende gebruike beskikbaar gestel nie:			
10.2.1.1	Danse, disko's, troues, kerkdoeleindes, verkoop van voedsel			
10.3	Gratis gebruike			
10.3.1	Biblioteeksale onder paragraaf 10.1.1 hierbo vermeld word <u>gratis</u> vir munisipale aangeleenthede, kuns en kultuuraktiwiteite wat deur die Raad aangebied word asook ander aktiwiteite/vergaderings wat deur Regeringsinstellings gereël word, beskikbaar gestel			
10.4	Besprekings			
10.4.1	Bespreking vir die gebruik van 'n biblioteeksaal moet minstens <u>7 dae</u> voor die aanbieding van sodanige geleentheid, by die spesifieke biblioteek, met betaling van die basiese huurgeld en die skadeloosstellingsdeposito, gedoen word. Indien die bespreking ten minste <u>3 dae</u> voor die aanvang van die funksie gekanselleer word, sal die huurgeld, <u>min 10%</u> administratiewe koste, terugbetaal word. <u>Indien die bespreking egter met minder as 3 dae kennis vooraf gekanselleer word, sal die huurder die volle huurgeld verbeur.</u>			
10.5	GELDE / TARIWE			
10.5.1	'n Skadeloosstellings-/vrywaringsdeposito (geen BTW) is betaalbaar en is slegs terugbetaalbaar nadat 'n inspeksie uitgevoer en enige skade verhaal is. Deposito's sal teen agterstallige munisipale rekeninge aangewend word.	R 1 000.00	R 931.00	7.41%
10.5.2	Vir gebruike genoem in paragrawe 10.1.1.1 – 10.1.1.6 sal die tariewe soos volg betaalbaar wees:			
10.5.2.1	Gebruike genoem in punte 10.1.1.1 – 10.1.1.5 (per dag of gedeelte per geleentheid) – slegs Paballelo Biblioteek	R 310.00	R 290.00	6.90%
10.5.2.2	Inoefening word beperk tot een gratis oefening na verhuring van saal (beskikbaarheid van saal inaggenome).			
10.5.2.3	Bykomende oefening per geleentheid	R 60.00	R 57.00	5.26%

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
10.5.3	Regeringsinstellings	Gratis	Gratis	-
10.5.4	Die Raad	Gratis	Gratis	-
10.5.5	Goedgekeurde Gemeenskapsorganisasies	Gratis	Gratis	-
10.5.5.1	Goedgekeurde Gemeenskapsorganisasies word van die Vrywaringsdeposito in paragraaf 10.5.5 genoem, vrygespreek, maar met dien verstande dat die organisasies vir alle gebreke wat mag voorkom, verantwoordelik gehou word			
10.6	Algemene voorwaardes: (Onderneming deur huurder)			
10.6.1	Geen ameublement of artikel van enige aard wat aan die Raad behoort sal verwyder word uit die saal of vertrek waar dit oorspronklik gevind is, sonder die goedkeuring van die Munisipale Bestuurder of personeel deur hom aangewys nie			
10.6.2	Geen spykers, skroewe, hakies en so meer mag in enige muur, deur, paneel of vloer, ingeslaan of gedraai word nie. Geen versiering mag aan enige elektriese lamp of iets dergeliks gehang of vasgemaak word nie			
10.6.3	Die huurder vrywaar hiermee die Raad teen enige eis voortspruitend uit skade aan of verlies van eiendom van die huurder of enige van sy gaste of ander persone onder sy beheer, of enige besering of dood van die huurder of sodanige persoon			
10.6.4	Die akkommodasie word aan die huurder verhuur met die verstandhouding dat die aantal persone toegelaat, beperk sal word tot die vermoë van die beskikbare akkommodasie			
10.6.5	Die kleedkamers en toilette word beskou as integrale deel van die saal			
10.6.6	Die Munisipale Bestuurder of sy genomineerde, die Brandweerhoof of enige lid van die Brandweer aan diens, of enige ander gemagtigde amptenaar, mag die perseel vir inspeksiedoeleindes betree			
10.6.7	Die Munisipale Bestuurder of sy genomineerde sal die reg hê om in geval van 'n wanvoorstelling deur die huurder, te eniger tyd sonder opgaaf van redes, die verhuring van die saal te kanselleer			
10.6.8	Enige eiendom of toerusting van die huurder, wat na 'n aandfunksie verwyder moet word, moet nie later as 10:00 die volgende oggend verwyder word nie			
10.6.9	Die huurder onderneem om enige opdragte met betrekking tot die wyse waarop die saal en/of ameublement, uitrusting en toebehore gebruik word, wat deur 'n gemagtigde amptenaar van die Raad aan hom gegee mag word, onmiddellik uit te voer			
10.6.10	Die huurder is vir die behoorlike handhawing van orde by die geleentheid verantwoordelik, maar die Raad behou die reg voor om, deur middel van enige van sy gemagtigde beamptes, die huurder te versoek om iemand, weens wangedrag of steurnis, uit die saal te sit of laat uitsit			
10.6.11	Die saal, ameublement en ander toerusting, moet ná gebruik in dieselfde toestand, as waarin dit deur die huurder ontvang is, gelaat word. Sou die huurder nalaat om aan hierdie vereiste te voldoen, behou die verhuurder die reg voor om die saal, ameublement en ander toerusting, te herstel en die skadeloosstellingsdeposito aan te wend, ten opsigte van kostes vir hierdie doel aangegaan. Indien die depositobedrag nie voldoende is nie, sal die oorblywende bedrag vir rekening van die huurder wees			
10.6.12	Wanneer die saal na amptelike kantoorure of op 'n Saterdag, Sondag of Openbare Vakansiedag gebruik word, moet die sleutel gedurende amptelike kantoorure (Maandae tot Vrydae) persoonlik deur die huurder by die spesifieke biblioteek afgehaal en weer die volgende dag of eerste werksdag daarna voor 10:00 by die spesifieke biblioteek ingehandig word			
10.7	GEBRUIK DEUR GEMEENSKAPORGANISASIES			
10.7.1	Dit word goedgekeur dat Raadsgoedgekeurde Gemeenskapsorganisasies, die biblioteeksaal mag gebruik om inligtingsvergaderings, kursusse en werksinkels te hou, met dien verstande dat:			
10.7.1.1	Die saal gratis beskikbaar gestel word			
10.7.1.2	Gemeenskapsorganisasies deur die Raad goedgekeur moet word en dat Organisasies vir dié doel hul konstitusies aan die Raad moet voorlê (RB 16.6/8/96)			

**11. BIBLIOTEKE TARIEWE
(14% BTW INKLUSIEF)**

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
11.1	'n Verbruikersfooi per jaar buite //Khara Hais Munisipaliteit se jurisdiksie, word ten opsigte van landelike gebruikers van die Biblioteek, gehef	R 215.00	R 200.00	7.50%
11.2	Heffing per item per week (geen BTW)	R 2.00	R 1.80	11.11%
11.3	Fotostate per A4 bladsy (nie-biblioteekmateriaal)	R 2.00	R 1.80	11.11%
11.4	Fotostate per A4 bladsy (biblioteekmateriaal)	R 0.80	R 0.70	14.29%
11.5	Heffing per video, 1 CD/DVD per dag (geen BTW)	R 4.00	R 3.60	11.11%
11.6	Duplikaat biblioteekbonne (per bon)	R 2.00	R 1.80	11.11%
11.7	Deposito's vir biblioteekmateriaal per item (geen BTW)	R 150.00	R 140.00	7.14%
11.8	Stuur van faks (per A4 bladsy)	R 4.50	R 4.10	9.76%
11.9	Verlore biblioteekboeke	Prys van boek plus BTW	Prys van boek plus BTW	-
11.10	Duplikaat Lidmaatskapkaart (gelamineer)	R 35.00	R 35.00	-%
11.11	Rekenaaruitdrukke (Wit/Swart)	R 2.30	R 2.15	6.98%
11.12	Rekenaaruitdrukke (Gekleur -Halfbladsy)	R 4.00	R 3.75	6.67%
11.13	Rekenaaruitdrukke (Gekleur -Halfbladsy)	R 8.00	R 7.50	6.67%

**12. TARIEWE VIR GEBRUIK VAN DIE REKENAARS BY DIE PABALLELO DIGITAL VILLAGE
(14% BTW INKLUSIEF)**

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
12.1	Studente/Leerders per sessie (60 min)	R 0.00	R 3.00	-100.00%
12.2	Ander persone per sessie (60 min)	R 0.00	R 4.50	-100.00%
12.3	Ander persone per dag (09:00 – 17:00)	R 0.00	R 45.00	-100.00%
12.4	Groepbesprekings per persoon per sessie (60 min)	R 0.00	R 7.50	-100.00%
12.5	Groepbesprekings per persoon per dag (09:00 – 17:00)	R 0.00	R 30.00	-100.00%
12.6	Rekenaaruitdrukke per bladsy	R 0.00	R 3.00	-100.00%

**13. BRANDWEER
(14% BTW INKLUSIEF)**

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
13.1	BRANDWEERGELDE VIR DIE BRANDWEER- EN REDDINGSDIENS VAN MUNISIPALITEIT //KHARA HAIS, UPINGTON			
13.1.1	<p>OMSKRYWING: In hierdie tariewe beteken:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Huurvoertuig: Enige voertuig, vaartuig, vliegtuig of konstruksiemasjinerie wat vir die uitvoering van werksaamhede soos bepaal deur die Wet, gehuur word. • Natuurramp: Aardbeweging, oorstroming, wind, weerlig, droogte en epidemie. • Operasioneel: Die aanwending van voertuie, toerusting en personeel asook die gebruik van materiaal soos benodig gemeet, óf in tyd en afstand vanaf die oomblik dat die diens die brandweerstasie verlaat totdat dit weer arriveer by die brandweerstasie of vanaf 'n insident na 'n volgende insident vertrek en terugkeer na die brandweerstasie of vorige/volgende insident, óf werklike koste soos deur die Raad van tyd-tot-tyd bepaal. • Reddingsduiker: Soos bepaal deur die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, Wet 85 van 1993. • Wet: Die Wet, die Wet op Brandweerdienste, Wet 99 van 1987. 			
13.1.2	OPERASIONEEL			
13.1.2.1	Operasionele gelde per 30 minute of gedeelte daarvan en per voertuig/toerusting			
13.1.2.1.1	Brandweerwa	R 540.00	R 500.00	8.00%
13.1.2.1.2	Reddingsvoertuig	R 540.00	R 500.00	8.00%
13.1.2.1.3	Diensvoertuig	R 85.00	R 80.00	6.25%
13.1.2.1.4	Pomp : draagbaar / dryfbaar	R 140.00	R 130.00	7.69%
13.1.2.1.5	Kettingsaag	R 78.00	R 72.00	8.33%
13.1.2.1.6	Huurvoertuig teen huurtarief plus 15%			
13.1.2.2	Voertuigtariewe / km			
13.1.2.2.1	Brandweerwa	R 43.00	R 40.00	7.50%
13.1.2.2.2	Reddingsvoertuig	R 38.00	R 35.00	8.57%
13.1.2.2.3	Diensvoertuig	R 20.00	R 18.00	11.11%
13.1.2.2.4	Huurvoertuig teen km tarief plus 15%			
13.1.2.3	Brandblusmiddels en ander gebruiksmiddels			
13.1.2.3.1	Enige aangewende middel, behalwe water, word teen die vervangingskoste plus 15% verhaal			
13.1.2.3.2	Vir elke kiloliter water of gedeelte daarvan gebruik, sal die koste, teen die Raad se heersende tarief, verhaal			
13.1.2.4	Mannekrag			
	Vir elke Brandweerlid, ongeag rang, aangewend per halfuur of gedeelte daarvan as:			
13.1.2.4.1	Brandbestryder	R 75.00	R 70.00	7.14%
13.1.2.4.2	Reddingsduiker	R 190.00	R 175.00	8.57%
	<p>betrokke by:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Brandbestryding; 2. Redding- en/of bergingswerk; 3. Bystand waar daar enige noodsituasie heers of kan ontstaan; 4. Enige ander operasie waar daar 'n gevaar of moontlike gevaar van brand, spesiale diens of ander noodsituasie is en waar daar, na mening van die brandweerhoof, sodanige aantal brandbestryders nodig is. 			

No.	Beskrywing	2016/2017	2015/2016	% Verhoging
